H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2017

POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251

Dit is vir my ‘n voorreg om my 1 ste jaarverslag, as hoof van die Hoërskool Montagu, aan u voor te hou.

Ek neem u op ‘n terugblik oor die afgelope jaar.

1. Personeel

Ons is dankbaar dat ons die jaar met ‘n voltallige personeel kon begin. Drie nuwe personeellede het by ons aangesluit. Mev. Petro Brits vir Afrikaans in grade 10 tot 12 , Mev. Carien Burger vir Engels grade 8 en 9 en Me Elize van der Spuy vir EBW grade 8 en 9 , Besigheidstudies graad 10 en Rekeningkunde graad 10. Daar het ook ‘n paar interne skuiwe plaasgevind: Mev. Beukes bied aan Lewenswetenskap graad 10 tot 12 en Wiskunde graad 9. Mej. Mari-Lena Joubert bied nou junior Lewensoriëntering aan en ‘n gedeelte van die natuurwetenskappe in graad 8. Mnr. Emile Odendaal bied graad 8 wiskunde aan, asook Wiskundige Geletterdheid. Mev. Beukes neem ook tans waar as Departementshoof.

Die skool het die afgelope jaar ‘n personeel van 33 gehad. Dit het bestaan uit een en twintig opvoeders en ‘n steunpersoneel van twaalf. Ons het die diensstaat vir 2018 ontvang. Ons leerdertal het met 28 leerders toegeneem en gevolglik het ons die aantal WKOD poste behou.

2. Getalle

Ons leerdertal was vanjaar vir die tweede keer deurlopend meer as 500 leerders. Die getalle is tans 520 leerders. Die leerlinggetalle in die onderskeie grade is soos volg:

Graad 12:	82
Graad 11:	111
Graad 10:	138
Graad 09:	96
Graad 08:	93

3. Akademie

3.1 Matriekuitslae 2016: Ons graad 12-klas van 2016 het baie goeie rekenskap van hulself gegee. Hulle behaal ‘n 100% slaagsyfer in die Senior Sertifikaat-eksamen. Vier leerders slaag met ‘n onderskeiding . Die toppresteerders is: Jana Uys 88% (onderskeiding in 8 vakke), Loumari Enslin 87% (onderskeiding in 8 vakke) en Elma Burger 83% (onderskeiding in 5 vakke). Ons het goeie nuus ontvang met die hernasien van Graad 12 skrifte. Izel Stemmet het ook ‘n gemiddelde A (bo 80%) behaal in die NSS-Eksamen van 2016.

18 leerders het met B-gemiddeldes geslaag en ‘n verdere 17 leerders slaag met ‘n gemiddelde van bo 60%. Die groep van 72 leerders het gemiddeld 4,2% beter gevaar in die bevorderingseksamen, as in die interne September-eksamen. Van die 72 leerders voldoen 52 aan Graadstudie-vereistes . Altesaam 78 A-vaksimbole word behaal .

Ons is saam met die leerders en hulle ouers baie trots op die puik uitslae van die afgelope jaar. Dit is ‘n bewys dat die akademiese standaard van die skool baie goed is en dat leerders onderrig van ‘n baie hoë gehalte ontvang. Daar is vanaf 19 - 21 Julie 2017 ’n Winterskool in sommige vakke vir die graad 12 leerders aangebied. Vanaf 24 - 28 Julie 2017 het al die graad 12 leerders wat in die Junie eksamen vakke gedruip het, hereksamen in die betrokke vakke geskryf. Bykomende onderrig word vanaf 22 - 30 Augustus vir die matrieks gegee in die vorm van ’n Lenteskool.

3.2 Akademie 2017: Vanjaar word goeie prestasies op akademiese gebied gelewer. Daarvan getuig die 9 leerders wat hulle akademiese erekleure behaal, die 24 leerders wat akademiese half-erekleure behaal en die 142 akademiese pryswenners.

3.2.1 Assessering en onderrig: Die hele skool skryf vier eksamens - ‘n verkorte eksamen in Maart en September en volle eksamens in Junie en November. Die graad 12-klas het September hulle gebruiklike proefeksamen geskryf. Leerders se vordering is verder deur gereelde toetse, tuiswerk en opdragte gemonitor. Die vordering van leerders is goed. Korrektiewe stappe is geneem waar nodig. Ten einde ons graad 12-klas deeglik voor te berei vir die eindeksamen, is daar ‘n vergadering gehou met die leerders en hul ouers. Daar het ‘n inligtings- en motiveringsgeleentheid plaasgevind en met die hulp van die Ondersteunersklub is `n ete vir al die matrieks in die klubhuis gehou. Alle onderriglokale is toegerus met ‘n dataprojektor en rekenaar en onderwyspersoneel ontvang deurlopend opleiding in die gebruik van rekenaarondersteunde onderrig.

3.2.2 Wetenskap Olimpiade: Agt en dertig leerders neem deel aan die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade. John Wright vaar die beste in die junior afdeling (gr. 08-09) en Anke-Marie Meyer die beste in die senior afdeling (gr. 10-12).

3.2.3 WKOD Sistemiese Toetse: Die uitslag van die WKOD Sistemiese toetse van die graad 9 klas van 2016 vergelyk goed met vorige jare se uitslae in Wiskunde en Taal vaardighede en daar kan in die toekoms ook na goeie Matriekuitslae uitgesien word. Ons graad 9 groep het toetse onder gekontroleerde omstandighede geskryf, wat ekstern nagesien is. Die groep behaal 52% in Wiskunde (dit is 28% bo die provinsiale gemiddelde) en 83% in Afrikaans (dit is 29% bo die provinsiale gemiddelde).

4. Dissipline en Skoolbywoning

Die pad na ‘n suksesvolle skool begin by dissipline, wat op sy beurt begin by korrekte skooldrag en goeie klaskamerdissipline. Die gedragskode vir 2017 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na. Op 5 September het die Wes-Kaap se Kwadruplegiese Vereniging ons skool besoek. Mnr. Anthony Ghillino het die leerders en personeel toegespreek en dit was werklik `n voorreg om na sy wysheid en lewenslesse te luister. Die toespraak is vooraf gegaan met `n kort video van Hykie van Berg - oor die pad wat hy geloop het as `n dwelmverslaafde. Die leerders is die geleentheid gebied om `n standpunt

teen dwelms in te neem en die hele saal het opgestaan ter ondersteuning daarvan. Hierdie geleentheid sal `n jaarliks instelling word en Hoërskool Montagu sal sy bes doen om `n dwelmvrye omgewing te wees, waar leer en onderrig optimaal in `n veilige omgewing kan plaasvind. Ons leuse vir vanjaar is: “Dissipline, Diensbaarheid en Dankbaarheid”. Dit kos dissipline om daagliks reg geklee te wees en gehoorsaam te wees aan die riglyne, soos vervat in die gedragskode van die skool. Verder wil ons graag verseker dat alle leerders wat Hoërskool Montagu verlaat diensbaar in die gemeenskap sal wees en dat ons `n lewe van dankbaarheid sal uitleef. Die skool se Dissipline- en Beleidskomitee, onder leiding van mnr. Ben Esterhuyse, sorg dat alle beleidstukke in plek is. Oor die algemeen is die dissipline van HSM goed. Kleredrag van die leerlinge is netjies en korrek, hulle gedrag is goed en akademiese verpligtinge word nougeset nagekom. Die huidige dissiplinestelsel werk goed en wanneer afwykings voorkom, word die nodige korrektiewe stappe geneem wat die volgende insluit: strafklasse, ouergesprekke, die weerhouding van voorregte en tydelike skorsing. Min ernstige dissiplinêre oortredings het die afgelope jaar plaasgevind en slegs `n paar dissiplinêre gesprekke het plaasgevind. Oor die algemeen is ons leerders se skoolbywoning baie goed en is die gemiddelde weeklikse teenwoordigheidsyfer bo 97%.

5. Beheerliggaam en skakeling met ouers

Die Beheerliggaam funksioneer voluit en het die afgelope jaar twee maal per kwartaal vergader. Die Beheerliggaam bestaan uit mnre. Rhyno van Zyl, Theuns Carstens, Dean Blacklaws, Dirk van der Westhuizen, Andries Le Grange, Ben Esterhuyse en mev. Susan Esterhuyse as ouerlede, mev. Ingrid Kriel en mnr. Derick Kotzé as opvoederlede, mev. Elizabeth Myburgh as nie-opvoederlid en Jaco Joubert en Jana den Engelsman as leerderlede. Die ampsdraers van die Beheerliggaam is as volg: Voorsitter: Mnr. Dirk van der Westhuizen, Ondervoorsitter: Mnr. Andries Le Grange, Tesourier: Mnr. Theuns Carstens en Sekretaresse Mev. Susan Esterhuyse. Die onderskeie sub-komitees funksioneer onder die leiding van die volgende Beheerliggaamlede: Koshuis: Mnr. Ben Esterhuyse, Dissipline en Beleid: Mnr. Ben Esterhuyse, Geboue en Terrein: Mnr. Andries Le Grange, Finansies: Mnr. Theuns Carstens, Bemarking: Mnr. Rhyno van Zyl, Ondersteuning en Sosiaal: Mnr. Dean Blacklaws en Skoolaktiwiteite: Mev. Ingrid Kriel. Die lede van die Beheerliggaam het deurlopend FEDSAS en die WKOD se opleidingsgeleenthede bygewoon om hulle te bemagtig.

Goeie deurlopende kontak het vanjaar tussen die skool en ouers plaasgevind. Daar is vyf oueraande gehou. Ouers het ook in die 2de en 3de kwartaal die geleentheid gekry om gesprekke met die onderskeie vakonderwysers te voer. Elke maand word daar ‘n maandbrief gestuur aan alle ouers om inligting te verskaf en verslag te doen oor al die aktiwiteite van die skool. Die afgelope jaar is die SMS stelsel ook gebruik om ouers ingelig te hou. Aan die einde van elke kwartaal is daar ‘n vorderingsverslag aan elke ouerhuis gestuur oor die akademiese vordering en gedrag en samewerking van hulle kinders.

6. Finansies en Fondsinsamelings

Die finansies van die skool word bestuur volgens ‘n begroting wat tydens ‘n ouervergadering op 21 November 2016 goedgekeur is. Die totale begroting vir die 2016-boekjaar beloop R2740467, waarvan die WKOD R312746 (11%) van die fondse verskaf. Die res van die

inkomste (89%) word hoofsaaklik verkry uit ouerbydraes. Ons verwagte uitgawes beloop R2740467 waarvan 45% gaan vir akademie; 24% vir terrein en toerusting; 26% vir bedryfsitems en 5% vir sport en verenigings. Mev. Liezl Lewis sorg dat die skoolgeld getrou ingevorder word en daar word stappe geneem teen nie-betalers. Die skool het die afgelope jaar onder andere insamelings gehou vir Die Burger se Kersfonds, die Kankervereniging se "Cuppa Day" en 'Loslit-dag'.

7. Fisiese Geriewe / Terrein / Toerusting

Die geboue/terrein en toerusting komitee, onder leiding van mnr. Andries Le Grange, is baie aktief. Daar is die afgelope jaar talle projekte aangepak, wat onder andere die volgende insluit: die verf van die skoolgebou, 'n nuwe kennisgewingbord, 'n kombuis in die personeelkamer, omheining by die hokkieveld, die aanbring van `n elektriese skuifhek, skoonmaak van alle banke en tafeltjies, plant van bome, ekstra bankies as sitplekke en die opgradering van die krieketkolfblad. Mnr. Kobus Smuts (oom Kobus) het afgetree aan die einde van Augustus. Oom Kobus het op 1 Mei 1986 by Hoërskool Montagu as opsigter begin werk. Met die jare het hy werklik meer as sy deel gedoen en was 'n staatmaker op elke gebied waarvoor hy verantwoordelik was. Ons wil hom bedank vir sy bydrae op vele gebiede, maar veral vir sy omgee en positiewe bydrae by Hoërskool Montagu. Ons wens hom voorspoed en gesondheid toe. Dankie vir al die instandhouding, bou en ontwikkeling van ons skool met die loop van die jare. Ons is bevoorreg dat ons mnr. Johan Strydom as opsigter kon aanstel in die plek van oom Kobus. Hy is reeds die afgelope vier maande by ons. Ons glo dat mnr. Strydom se pad vorentoe nog 'n lang en gelukkige verbintenis met Hoërskool Montagu sal wees. Mnre. Smuts en Strydom en hul span werkers sorg dat ons terrein netjies is en die skoolgebou en toerusting 'n voorbeeld is vir die meeste ander skole. Meer as R356800 is hierdie boekjaar uit eie fondse bestee aan onderhoud en instandhouding van ons geboue, terrein en toerusting.

8. Sosiaal

Verskeie sosiale geleenthede is deur die loop van die jaar gereël. Al die byeenkomste is baie goed ondersteun. Dit het onder andere die volgende ingesluit: 'n Valentynsbal, Mnr. & Mej. Hoërskool; 'n "Groot Brag", Matriekafskeid, Matriekouerete, Modeparade, Herfsbal en verskeie sokkies.

8.1 Valentynsbal: Op 10 Februarie 2017 is daar 'n Valentynsbal gehou met die tema "Queen of Hearts". Al 140 kaartjies was uitverkoop en danksy ons bekwame platejoggies, Franco Hugo en Jandré Mellet, het almal moeg en tevrede huis toe gegaan. Die BK en VRL het baie moeite gedoen om die saal mooi te versier en die leerders het spoggerig gelyk. Dankie vir almal se samewerking en mooi gedrag.
Die volgende leerders ontvang tydens dié geleentheid toekennings:

- Mnr. Valentyn — Seravon Jooste
- Mej. Valentyn — Mareka Conradie

8.2 Mnr. en Mej. HSM: Ons jaarlikse Mnr. en Mej. Hoërskool het op Woensdag 23 Mei om 19:00 in die skoolsaal plaasgevind. Die wenners van die junior afdeling was: Zindi van Zyl en Dirk-Louw van der Westhuizen. Mnr. en Mej. Hoërskool vir 2017 is Belosly Pekeur en Jason Benjamin.

8.3 Winterbal: ŉ Baie suksesvolle Winterbal is op Woensdag 28 Junie 2017 in die skoolsaal aangebied, met die tema 'Great Gatsby'.

8.4 Matriekafskeid: Ons jaarlikse matriekafskeid het op Vrydagaand 25 Augustus 2017 in die saal van Hoërskool Montagu plaasgevind. Die matriekeregaste, met hulle metgeselle, het hulle droomaand begin met hulle eerste tree op die rooi tapyt. Hulle "Walk of Fame", waar 570 toeskouers elke glanspaartjie met groot toejuiging begroet en begelei het tot in die saal. Ons matrieks en hul metgeselle het baie spoggerig gelyk. Die saal was pragtig versier en het die graad 12's en hul metgeselle baie spesiaal laat voel. Die matriekouers het die geleentheid gekry om saam met hulle kinders vir foto's te poseer, voordat hulle na die klubhuis vertrek het vir 'n ete. Dit was 'n ware glansgeleentheid. Dankie aan mev. Ina van Heerden en haar span vir die reëlings. Baie dankie ook aan al die graad 11 ouers en leerders wat bygedra het om die aand so spesiaal te maak.

8.5 Ete vir matriekouers: Tydens die matriekafskeid het die graad 9-ouers, onder leiding van mev. Thea Pieterse en mev. Ruth van Niekerk, vir die matriek-ouers 'n ete in die klubhuis aangebied. Die geleentheid was 'n groot sukses. Baie dankie aan al die graad 9 ouers en graad 9 leerders wat 'n groot rol gespeel het.

8.6 Modeparade: Op Dinsdagaand 29 Augustus het die matrieks hul matriekafskeiddrag vertoon tydens 'n modeparade in ons skoolsaal. Soos gewoonlik is die geleentheid goed ondersteun. Die aand is gereël deur die graad 08-ouers onder leiding van Mev. Janine Beukes en mev. Louise van Rensburg. Vanjaar het gaste weer by tafels aangesit wat deur gasvroue beman is. Ek wil graag die organiseerders en die graad 8 ouers en leerders gelukwens met hulle pogings en almal betrokke bedank vir hul insette. Baie geluk met julle waardevolle bydrae en die sukses wat behaal is.

9. Leerlingleierskap

Leerlinge het die geleentheid gekry om op verskeie rade te dien en leiersposisies te beklee. Die skool kies 'n Bestuurskomitee wat uit twaalf Graad 12 leerders bestaan. Die komitee funksioneer as 'n sub-komitee van die Raad van Leerders wat, buiten vir die hoofleerders, bestaan uit drie verteenwoordigers uit elke graad vanaf graad 8 tot 11. Jana den Engelsman en Jaco Joubert verteenwoordig die raad op die Beheerliggaam. Elke registerklas kies vir hulself twee klasleiers en leerders kry verder ook die geleentheid om as VCSV-kringleiers, Indaba-redaksielede, Landsdiensleiers, Biblioteekprefekte en sportkapteins op te tree. Jana den Engelsman het vanjaar Die Burger se Jeugleierskonferensie in Kaapstad bygewoon. Sy was een van slegs 25 dogters uit die hele Wes-, Oos- en Noord-Kaap op dié seminaar. Dit is vanjaar die 20ste agtereenvolgende jaar dat 'n leerderleier van ons skool gekies is, vir dié seminaar.

9.1 Ons Bestuurskomitee vir 2017 is as volg:

Hoofleiers: Jaco Joubert en Jana den Engelsman, Onderhoofleiers: Clarise le Grange en Jason Benjamin. Lede: Andrea Oberholzer, Mareka Conradie, Gregg Gabriel, Janco van der Westhuizen, Courtney du Toit, Alexa Esterhuyse, Dawro Kock en Gretshe Segelaar.

9.2 Ons Verteenwoordigende Raad van Leerders vir 2017 is as volg:

Graad 08: Ankia Ellis, Zindi van Zyl en Dirk-Louw van der Westhuizen
Graad 09: Suné den Engelsman, Anke le Grange en Sylvester Moses.
Graad 10: Requelle Johnson, Mishka le Kay en Ferdi Coetzee.
Graad 11: Elzé Kriel, Nicole van Zyl en Zenobia Wiese
Graad 12: Jaco Joubert, Jana den Engelsman, Jason Benjamin en Clarise le Grange.

9.3 Huis Van Velden : Hoofleiers 2017: Wika Jordaan en Linette Deetlefs.

10. Bemarking en Ondersteuning

Die skool se Bemarkingskomitee, onder leiding van mnr. Rhyno van Zyl, het vanjaar verskeie bemarkingsaksies geloods. Persoonlike gesprekke, skoolbesoeke, korrespondensie, die media en die skool se webwerf is gebruik om die skool te bemark. Die Monties se wintersport eerste spanne het Laerskool Montagu besoek tydens hul kragmetings met W A. Rossouw. Dit was vir elkeen wat daar was wonderlik om te sien hoe die toekomstige Hoërskool Montagu leerders speel. Dit was beslis ’n uitstappie wat ons meer gereeld sal wil doen. Verder is daar ‘n graad 7-opedag en -oueraand gehou om die skool bekend te stel. Beide die geleenthede is goed ondersteun. Die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Alewyn Hugo, was die afgelope jaar baie aktief en doen waardevolle werk vir die skool. Die Ondersteunersklub het verskeie projekte by die skool aangebied: ‘n Motiveringsgeleentheid en ete, is vir die graad 12 leerders aangebied, aansporingspryse vir die toppresteerders in elke graad word geborg, daar is vir toergroepe se vervoerkoste ingestaan en verskeie sportsoorte ontvang befondsing om afrigtingsklinieke aan te bied. Die skool se Ondersteunersklub het ook op 18 Februarie 2017 ’n geborgde Gholfdag op die baan van Montagu Gholfklub aangebied. Onder leiding van Mnr. Hugo en sy span was dit die grootste gholfdag nog vir die Monties. Die dag het ’n mooi opbrengs van meer as R82 000 opgelewer. Vanuit hierdie oord, baie dankie vir almal wat ’n oop hand vir die skool het en ons skool getrou ondersteun.

11. Koshuis

Die skool se Koshuiskomitee, onder leiding van mnr. Ben Esterhuyse, funksioneer goed en sorg dat alles goed verloop by die koshuis. Die afgelope jaar is daar 63 leerders in die koshuis. Deur die loop van die jaar het verskeie aktiwiteite by die koshuis plaasgevind. Deel daarvan is die Waatlemoenfees, Nuwelinge-konsert, Tafeltennis kompetisie en Noodplan verrassings. Op Vrydag 22 September het Huis van Velden `n aand met Matthys Roets aangebied in die skoolsaal. Die saal was gepak met pragtige gedekte tafels wat gekreun het onder die kos. Altesaam 260 mense was bevoorreg om die aand by te woon. Matthys Roets, wat in Pretoria woon, het `n kort toer in die Wes-Kaap gehad en ons was bevoorreg om een van drie vertonings te bespreek. Hy het die gehoor verras met `n groot verskeidenheid musiek en talle stories. Al die kos van die aand is deur Huis van Velden se personeel gemaak en die

aand is gereël onder leiding van mev. Myburgh (tannie Buks). Dit was voorwaar die grootste aansit-vertoning wat nog ooit aangebied is in Hoërskool Montagu se skoolsaal. Op 28 September het die jaarlikse koshuisafskeid plaasgevind.

12. Toere en uitstappies

Vanjaar is leerlinge op verskeie toere en uitstappies geneem. Dit het onder andere ingesluit: deelname aan sportdae, Landsdienskampe, ‘n rugbyweek, en ‘n netbal- en hokkietoer. Die eerste rugbyspan, onder leiding van mnr. Morné Roos, het vanaf 31 Maart tot 05 April 2017 deelgeneem aan die Oakdale-rugbyweek op Riversdal. Die eerste seuns-hokkiespan, onder leiding van mev. Janine Beukes, het vanaf 31 Maart tot 05 April 2017 aan die Arthur Johnson Sportweek in Mosselbaai deelgeneem. Hulle wen 5-0 in hulle openingswedstryd. Cameron Shaw, Zéann Sauer en Nathan Maritz word ingesluit in die toerspan wat gekies word om na Ierland te toer. Die eerste netbaloefengroep, onder leiding van me. Mari-Lena Joubert het vanaf 31 Maart tot 05 April 2017 aan die Arthur Johnson Sportweek in Mosselbaai deelgeneem. Hulle speel 10 wedstryde en wen 6 en een gelykop. Ankia Burger, Courtney du Toit en Shanesia Louw is genader om saam met `n toerspan na Skotland te toer gedurende die Septembervakansie. Claudine Soldaat, word geïdentifiseer as een van die top opkomende spelers van die toernooi.

13. Buitemuurse bedrywighede

‘n Baie vol, goed georganiseerde en gebalanseerde buitemuurse program het vanjaar by HSM plaasgevind. ‘n Kenmerk op buitemuurse gebied is beslis die goeie deelname aan buitemuurse bedrywighede en die uitstekende prestasies wat ons leerders lewer in ‘n wye verskeidenheid aktiwiteite. Vanjaar word 41 half-erekleure en 27 erekleure-toekennings gemaak vir buitemuurse aktiwiteite. Die volgende personeellede staan aan die hoof van die aktiwiteite:

Atletiek	Mev. Elmarie Rossouw	Tennis	Mev. Janine Beukes
Krieket	Mnr. Morné Roos	Gholf	Mnr. Johandré Olivier
Indaba	Mev. Petro Brits	Noodhulp	Mej. Elize van der Spuy
CSV	Mev. Louise van Rensburg	Rugby	Mnr. Morné Roos
Landsdiens	Mnr. Auré Metelerkamp	Netbal:	Mev. Elmarie Rossouw
Hokkie:	Mev. Janine Beukes	Skaak:	Mev. Petro Brits

14. Sport

Leerders neem deel aan atletiek, rugby, krieket, tennis, netbal, hokkie, skaak en gholf. Ek lig slegs ‘n paar hoogtepunte uit.

14.1 Interskole: Die elfde interskole tussen Montagu en Bredasdorp het alreeds in Februarie vanjaar in aanvang geneem met tennis en krieket. Op Saterdag 19 Augustus is dit met rugby, hokkie en netbalwedstryde op Bredasdorp afgesluit. Daar het altesaam 38 kragmetings plaasgevind wat punte getel het.

Ons wen vanjaar 22 van die kragmetings, Bredasdorp wen 12 en 4 wedstryde eindig gelykop. Bredasdorp behaal oorwinnings in die eerste spanwedstryde van dogtershokkie (1-0),

dogterstennis, skaak en gholf. Ons wen die eerste spanwedstryde in die seunstennis, krieket, seunshokkie (1-0), netbal (28-27) en rugby (47-22). Ons het in al drie die wintersportsoorte oorwinnings behaal en op die dag pragtig presteer. Ons verower hiermee vanjaar vir die sewende keer die trofee vir die skool wat die meeste punte behaal. Die dag is gekenmerk deur goeie sportmangees wat deur beide skole openbaar is.

Ons ontvang ook baie komplimente vir ons sportmanne en -vroue se voorkoms, gedrag en sportmangees. Vanjaar was ons leerders se pawiljoen optrede en samewerking ‘n puik advertensie vir die skool. Baie dankie daarvoor.

14.2 Tennis: Ons het vanjaar agt tennisspanne wat die afgelope seisoen nie minder as 50 wedstryde gespeel het. Ons spanne gee voortdurend goeie rekenskap van hulself. Die seuns- en dogterspanne het die geleentheid gekry om aan `n tennistoernooi in Bredasdorp deel te neem op 17 en 18 Februarie. Verder is ons bevoorreg om spesialis afrigting te kry vir ons spanne by Wimpie Helmand. Die jaarlikse Interskole kragmetings teen Bredasdorp is op 24 Februarie 2017 afgehandel. Baie geluk aan ons eerste en tweede seuns spanne wat skoonskip gemaak het. Jana den Engelsman word in die Boland Plattelandse span opgeneem.

14.3 Atletiek:

Die 53 ste kleurebyeenkoms het op Vrydag 20 Januarie plaasgevind. Vanjaar het die Groenspan met die spanbeker en die pawiljoenbeker weggeloop. Ajera le Kay, Jaco Kriel, Mareke Conradie en Austiando Pieterse is onderskeidelik as senior- en junior Victrix- en Victor Ludorum aangewys. Vanjaar het ons atlete weer die jaar op `n hoë noot begin met 57 atlete wat aan die Langeberg byeenkoms deelgeneem het en 42 aan die Noord-Boland byeenkoms. Tydens die Noord-Boland byeenkoms spog die Monties met 12 eerste plekke, 9 tweede plekke en 8 derde plekke. Die volgende leerlinge behaal eerste plekke en/of die beste punte: Greyvino Natel – 100m en 200m; Johané Cockrell – Gewigstoot en Diskus; Austiando Pieterse – 800m en 1500m; Dawro Kock – 110m en 400m Hekkies; Mareke Conradie – Spiesgooi; Gregg Gabriel – Gewigstoot en Jodan Snyman – 3000m.

Een en twintig atlete word in die Noord-Boland span opgeneem vir die Boland byeenkoms wat 3-4 Maart in die Paarl plaasgevind het. Austiando Pieterse (1500m) verower `n brons medalje by die Boland byeenkoms. Mareka Conradie, Johané Cockrell en Austiando Pieterse word opgeneem in die Boland span. Op die Wes-Kaap byeenkoms behaal Mareka Conradie ’n vyfde plek in spiesgooi. Johané Cockrell het ’n uitsonderlike prestasie behaal deur eerste te kom in die 0/15 diskus. Sy word dan ook opgeneem in die Wes-Kaap span wat aan die ASA-byeenkoms deelgeneem het.

14.4 Hokkie: Ons het vanjaar 8 spanne. Op 11 Maart is ’n baie suksesvolle hokkiedag by ons skool aangebied. Vyf skole se 0/14- en 0/16-spanne het kort wedstryde gespeel. Vossie van Schalkwyk (Suid-Afrikaanse skeidsregter) het ’n reël bespreking die oggend aangebied en 60 Monties het dit bygewoon. Nathan Maritz word na afloop van die hokkieproewe in die Boland 0/18 Hokkiespan opgeneem wat in Durban deelgeneem het.

14.5 Krieket: Twee seuns- en een dogterspan neem deel aan wedstryde. Al drie spanne vaar puik en gee baie goeie rekenskap van hulself (seuns o/19 en o/15 en dogters o/18). Jaco Joubert word ook opgeneem in die Boland Plattelandse krieketspan vir Krieket Suid-Afrika se toernooi wat Desember in Nelspruit plaasgevind het.

14.6 Netbal: Ons het vanjaar veertien spanne. Donderdag 20 April het die omliggende skole die Langeberg-Sone se jaarlikse proewe op die Montie-bane gehou. Daar het 25 speelsters deelgeneem. Twintig leerders word in die Langeberg-Sone Netbalspan opgeneem. Maandag 24 April het ons speelsters deelgeneem aan die Wynland-Noord proewe. Van die 20 speelsters is 12 opgeneem in die Wynland-Noord span wat op Vrydag 5 Mei deelgeneem het aan die Wynland proewe. Deborah Brown is opgeneem in die Kaapse Wynlandspan vir die Wes-Kaap Interdistrikte Netbaltoernooi. Courtney du Toit is opgeneem in die Wes-Kaap 0/18 Netbalspan wat in Boksburg deelgeneem het. Die eerste Woensdag- en Donderdagmiddag van die derde kwartaal het juf. Mari-Lena Joubert, oud-Proteaspeelster, saam met haar spanmaat van die afgelope 10 jaar, Rochelle Lawson, `n afrigtingskursus aangebied.

14.7 Gholf: Daar is vanjaar een gholfspan wat op ‘n gereelde basis deelneem aan ligawedstryde. Dit vind plaas op Maandae op verskillende bane. Janco van der Westhuizen word opgeneem in die Noord-Suid Bolandspan.

14.8 Karate: Anton Jordaan, John Wright, Jayden Johnson, Johan Jordaan, Zindi van Zyl, Gregg Gabriel en Zean Sauer word opgeneem in die Boland streekspan. Zeann Sauer behaal `n besonderse prestasie. Hy het Suid-Afrika verteenwoordig in die 7de Karate Wêreld Kampioenskap in Vancouver, Kanada. Die byeenkoms is in die Richmond Olympic Stadium gehou. Hy behaal `n tweede plek in die Junior afdeling vir Kumite (gevegkuns).

14.9 Rugby: Ons het vanjaar 6 spanne. Dawro Kock, Roger Schierhout en Keenan Opperman neem aan die Boland rugbyproewe op Wellington deel. Keenan en Dawro het die finale proefwedstryde vir Bolandspanne teen die WP gespeel, waarna Keenan in die Boland rugbyspan opgeneem word.

14.10 Wedstryde en Sportdae: Deur die loop van die jaar het ons wintersportspanne aan sportdae teen Piketberg, Robertson, Stellenbosch, Bonnievale, Langenhoven, Montana, Overberg, Langenhoven Gimnasium, Charlie Hofmeyr en Bredasdorp deelgeneem. Meer as 250 wedstryde het plaasgevind.

15. Verenigings & Kultuur: Leerlinge het deelgeneem aan onder andere Revue, Kultuuraand, Landsdiens, CSV, die skoolkoerant, drama, musiek, dans, redenaars, kuns en noodhulp.

15.1 Kultuuraand: Op 1 November 2017 sal ons Kultuurkomitee onder leiding van Mev. Van Niekerk en Mev. Kriel ’n kultuuraand, bekend as die ‘MEKKA’ aand aanbied. Die aand sal bestaan uit sang-, musiek-, voordrag- en dansoptredes.

15.2 Landsdiens: Sestien lede van ons skool se Landsdiensklub het `n streekkamp by Llandudno bygewoon. Tydens die Streekkamp word Nicole van Zyl, Albert Swart en Maritsa Terreblanche gekies om die Wes-Kaap by die Nasionale Projekte te verteenwoordig. 'n Landsdiens streekkamp is 30 Junie tot 2 Julie gehou by Mizpah Jeugkampterrein in Grabouw. Op die einde van die Kamp is drie van Montagu Hoërskool se Leerders genomineer vir die Nasionale kamp later vanjaar. Baie geluk aan Anita Swart, Zindi van Zyl en Nicole Van Zyl. Bianca Nortje is genomineer as reserwe. Van die vyf kinders in die Wes-Kaap wat hul Springbok-kleure in Landsdiens verower het, is twee van ons skool. Baie geluk aan Anita Swart en Nicole van Zyl vir dié besonderse prestasie. ‘n Landsdiens-Springbokprojek vereis dat jy geld moet insamel en dan ‘n groot gemeenskaps-uitreik moet doen om jou gemeenskap te verbeter en op te bou. Dit verg baie beplanning en deursettingsvermoë en is ‘n baie groot taak om alleen aan te pak. Hulle het albei besluit om ons jeug op te bou en te bevorder deur na plaasskole uit te reik.

15.3 Skoolkoerant: Mev. Petro Brits is vanjaar in beheer van die Inbaba en die redaktrise is Cindy Anger. Die koerant is van hoogstaande gehalte en werklik iets waarop ons baie trots is.

15.4 VCSV: Die CSV het vanjaar 55 kringleiers en meer as 500 lede wat weekliks samekomste hou. Die tema vir die jaar is: KEN JY JOU BYBEL?. In die kringe kry die lede die geleentheid om saam oor gebed te gesels. Die CSV het die eerste kwartaal afgesluit met `n besoek van Pastoor Rudolf Muller. Hy was hoofseun by MHS in 2010 en het `n treffende boodskap gebring dat elkeen van ons die regte keuse moet maak. By algemene samekomste is `n fliek gekyk waar leerders gekonfronteer is oor die invloed van verkeerde keuses. Op 12 Januarie het kringleiers deelgeneem aan ‘n opleidingsgeleentheid. Vanjaar is Maryn duToit en Zeann Sauer onderskeidelik die voorsitter en ondervoorsitter van ons CSV-tak.

15.5 Kunstefeeste: Drama, Kuns, Fotografie en Musiek: Die afgelope kwartaal is gekenmerk deur puik prestasies in die kunste. In Kuns behaal ons leerders 35 toekennings: 1 goud, 4 Silwer, 21 brons en 9 meriete. Fotografie lewer 49 toekennings op: 10 goud, 17 silwer en 22 brons. In Drama en Literatuur word 29 toekennings aan leerders toegeken: 9 goud, 11 silwer en 9 brons. Henry Viljoen behaal 2 toekennings in musiek: dubbel goud in klavier-solo en ook die trofee vir die solo-instrument: senior. Iwan Erasmus verower die trofee vir die beste kuns in graad 10. Die beste fotografie inskrywing word gedeel deur Shalomé Neethling, Nicole van Zyl en Enrike Groenewald. Isobel Telford kry die trofee vir die beste letterkunde in die Hoërskool afdeling en ook die “ Best Poetry High School” toekenning en Inge van Dyk kry die toekenning vir beste prosa in die Hoërskool afdeling. In die kategorie Beste Drama Plakkaat het Zindi van Zyl die trofee verower. Ons toneelstuk, Bird Cage onder leiding van mev. Arij Tobias, kry baie lof vir hulle optrede. Henry Viljoen het puik presteer by die Ratem- en Worcester Eisteddfod waar twee goue diplomas verwerf word. Verder verwerf hy ook twee goue diplomas en ‘n medalje toekenning tydens die Worcester Eisteddfod. Sy medalje is tydens ’n spoggeleentheid in Worcester oorhandig.

15.6 Biblioteek: Die biblioteek, onder leiding van mev. Ina van Heerden, het op Donderdag 20 April 2017 sy vyfde verjaarsdag gevier. Baie dankie vir die 13 biblioteekprefekte vir julle harde werk. Requelle Johnson is die hoofbiblioteekprefek vir 2017.

15.7 Musiek: Jana Groenewald, Enrike Groenewald en Henry Viljoen sorg vir buitengewone prestasies. Jana slaag haar Unisa graad 5 teorie in musiek met ’n onderskeiding (86%) en slaag ook haar Unisa graad 7 praktiese eksamen. Enrike slaag haar Unisa graad 6 praktiese klaviereksamen met 76% en Henry slaag sy UNISA Graad 5 klaviereksamen met 80%.

15.8 Redenaarskompetisies: Die Senior Redenaarskompetisie het plaasgevind op Donderdag 4 Mei 2017. Dit is verblydend om te sien dat die gehalte van die aanbiedinge elke jaar verbeter. Die toesprake was van hoogstaande gehalte. Kyra Conradie en Courtney du Toit word as die naaswenners en Nicole van Zyl as die wenner aangewys. Die Junior redenaars-kompetisie het op 20 September plaasgevind. Zindi van Zyl word as die wenner aangewys.

15.9 Noodhulp: Op 16 Februarie het 28 leerders ons jaarlikse noodhulpopleiding by die skool bygewoon. Die kursus word jaarliks aangebied deur mnr. Gunther von Bentheim. Op 17 Februarie het leerders die vlak 2 noodhulp kursus voltooi. Die senior noodhelpers het ‘n meer gevorderde “strapping” kursus gedoen.

15.10 Revue: Ons skool het vanjaar weer ‘n revue aangebied onder die wakende oog van mev. Ingrid Kriel, met die tema “n Kaapse Draai”. Na weke se repetisies het die opvoerings plaasgevind op 23 en 24 Maart. Vanjaar was daar 154 leerders wat deelgeneem het aan die revue en hul vele talente op die verhoog ten toon gestel het. Die revue was ‘n reuse sukses. Baie geluk aan al die deelnemers en baie dankie aan almal wat ons ondersteun het en agter die skerms gewerk het. Ek is seker dat dié geslaagde spanpoging nog lank deur elke Montie onthou sal word.

15.11 Skryfkuns: Inge van Dyk en Jana Groenewald neem aan die Internasionale Afrikaans-Ekspo deel. Jana presteer puik deur `n goue diploma te verwerf in die afdeling Poësie.

16. Algemeen

2017 is ‘n besondere geseënde jaar vir HSM. Daarvan getuig die skitterende prestasies wat op ‘n verskeidenheid terreine gelewer is. ‘n Mens kan nie anders as om met dank na die afgelope jaar terug te kyk nie.

Aan die einde van ‘n jaar soos hierdie, is daar vele mense aan wie dank verskuldig is. ‘n Skool kan nie effektief funksioneer sonder ‘n betrokke Beheerliggaam, ouers en gemeenskap nie. Baie dankie vir elkeen wat betrokke is en toerusting beskikbaar gestel het vir die afgelope jaar. ‘n Besondere woord van dank aan die lede van die Beheerliggaam, onder leiding van mnr. Dirk van der Westhuizen, vir die ywer en effektiewe funksionering van al die werksaamhede van die onderskeie komitees. Ook aan die lede van die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Alewyn Hugo, vir al die projekte wat u die afgelope jaar aangepak het. Ek wil ook baie dankie sê aan die skoolhoofde en personeel van ons voeder-laerskole en die lede van Kring 10 se Kringspan, onder leiding van mnr. Nico Solomon, vir u ondersteuning en goeie samewerking.

Ons leuse vir vanjaar is: “Dissipline, Diensbaarheid en Dankbaarheid”. Ek wil elkeen bedank wat die afgelope jaar ‘n rol gespeel het om ons leuse uit te leef: opvoeders, leerders, ouers, oud-leerders en ondersteuners van die skool. Sonder u samewerking en ondersteuning is die prestasies wat ons vanaand eer, nie moontlik nie.

‘n Spesiale woord van dank aan al die personeel van die skool. Dit is ‘n voorreg en ‘n eer om saam met u te werk. Die sukses van die afgelope jaar was ‘n spanpoging. Laaste, maar nie die minste nie. Dank aan ons Hemelse Vader, sonder wie ons niks sou kon bereik nie. “Nisi Dominus Frustra”.

TERTIUS PRINS
Skoolhoof: Hoërskool Montagu
12 Oktober 2017